
**Tema:**

# HOEKOM WAG !





**Jesus wil en gaan vir jou genees...**

# Die genesing op die sabbatdag by Betesda

**Johannes 5:1 ANV**

Hierna was daar weer 'n fees van die Jode, en
Jesus het daarvoor Jerusalem toe gegaan.

**Johannes 5:2**

By die Skaappoort in Jerusalem was daar 'n bad
met die Hebreeuse naam Betesda.
Dit het vyf pilaargange gehad,

**Johannes 5:3**

waar daar baie gestremdes gelê het:
blindes, kreupeles en lammes
wat op die roering van die water gewag het.

## Johannes 5:5

Onder hulle was daar 'n sekere man wat al
ag en dertig jaar lank siek was.

## Johannes 5:6

Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was.
Toe vra Hy vir hom:

**“Wil jy gesond word?”**

## Johannes 5:7

Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in.”

## Johannes 5:8

Jesus sê toe vir hom:
"Staan op, tel jou goed op en loop."

## Johannes 5:9

Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop.

**Dit was 'n sabbatdag.**



**Johannes 5:10**

Die Jode sê toe vir die man wat genees is:
“Dit is 'n sabbatdag; jy mag nie jou goed dra nie.”

**Johannes 5:11**

Maar hy antwoord hulle:
“Die man wat my gesond gemaak het, het vir my gesê:
**Tel jou goed op en loop.”**

**Johannes 5:12**

Hulle vra hom toe:
“Wie is die man wat vir jou gesê het:
Tel jou goed op en loop?”

## Johannes 5:13

Die man wat gesond geword het, het egter nie geweet wie dit was nie, want Jesus het ongemerk weggegaan omdat daar 'n klomp mense op die plek was.

## Johannes 5:14

Later kry Jesus hom in die tempel en sê vir hom:
"Kyk, jy is nou gesond.
Moet nou nie meer **sonde** doen nie,
sodat daar nie iets **ergers** met jou gebeur nie."

## Johannes 5:15

Die man het vir die Jode gaan vertel dat dit Jesus is wat hom gesond gemaak het.

# Die siekes by die bad van genade:



Jerusalem is ‘n plek van **vrede** maar daar is menigtes wat nie **vreedsaam** is nie.

Jerusalem is ‘n plek van **seën** maar daar is mense wat nie **geseënd** is nie.

Jerusalem is ‘n plek van **geneesing** en **bevryding** maar daar lê mense rond wat in **slawerny** vasgevang is nie.



Die Hebreeuse naam Betesda beteken:

**“HUIS van GENADE”**

**“GENADE”** maar tog is daar baie mense wat nog geen **“GENADE”** ontvang het nie. Hulle is eerder siek, blind of lam.

Dit is die situasie met baie van ons wat **proklameer** ons **"GLO"** In Jesus.





Ons is geroep om ***konings*** te wees en ons ***erfdeel*** in besit te neem..



...maar nou lei ons honger en gaan dood sonder om eers te probeer om ons **besittings** in **besit** te neem.

**Ons is in 'n plek van GENADE"en BEVRYDING....**



**.....maar steeds voel ons gebind deur ons omstandighede en omgewing.**






Regdeur die Bybel kry ons die **versekering** dat wanneer Jesus iemand **VRYGEMAAK** het die persoon waarlik **VRY** was.

Ons is **lam** in term van ons sit vasgevang op **een plek** vir so lankal--
dat ons **verlam** geword het om iets aan ons
***bejammerenswaardige*** toestand te doen.





**Johannes 5:3**

**Die Bybel sê..waar daar baie gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en lammes**

**wat op die roering van die water *gewag* het.**



**Hulle het *gewag* vir die roering van die water.**



**Dit is ook die *toestand* van *baie* van ons vandag...**

**ons *wag* vir iets..**



Baie mense in die kerk **wag** dalk vir een of ander **emosie** wat hulle moet tref sodat hulle verseker kan wees hulle is nou in die teenwoordigheid van die Here.



Dan is daar die wat hulle lewens vir Jesus gegee en nou **wag** hulle vir een of ander groot **emosionele** oomblik wat kan wys dat Jesus hulle geroep het.

Dan is daar die wat **wag** dat iets moet gebeur en hulle skielik kan ryk word.



Dan is daar mense wat gesien het wat met ‘n ander individu gebeur het en nou **wag** hulle dat dieselfde met hulle gebeur.



Te **veel** van ons maak **geen vordering** nie en die rede is:



Ons **wag** en ons **wag** en ons **wag**..

En al wat ons nodig het om te doen is om in geloof te beweeg en te vertrou op **DIE 1** wat ons geroep het.



# Die vraag is:



Vir wat **wag** jy ?

Vir wie **wag** jy?

Om rond te hang en te **wag** sal nie die probleem oplos nie:



Hierdie man **wag** al 38 jaar!

**Johannes 5:5**

Onder hulle was daar 'n sekere man wat al
**ag en dertig jaar** lank siek was.

**Johannes 5:6**

Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was.
Toe vra Hy vir hom:

## "Wil jy gesond word?"



Wow: Jesus se vraag aan die man klink snaaks:

Hoekom vra Hy die lam man of hy gesond wil word?

Jesus kon tog die man se treurige toestand sien:

Jesus kon sien die man kamp by die water wat hom kon genees:



Ek glo Jesus het die vraag gevra omdat Hy **verbaas** was om die man daar te sien:

Jesus was **verbaas** dat die man daar gelê en gewag het dat iets “magical” met hom moet gebeur terwyl hy **self** die skuif kon maak.

## JESUS VRA JOU DIESELFDE VRAAG VANDAG:

Wil JY werklik los kom van armoede.

Wil JY werklik ‘n beter werk hê.

Wil JY werklik beheer vat oor jou omstandighede.

Wil JY werklik beheer vat oor jou omgewing.

Jesus vra ons hierdie vrae vandag omdat Hy weet ons dalk nie ons **eie potensiaal** mag oorweeg nie. .

Jesus wonder hoekom **wag** ons vir Hom
om ons **probleme** op te los.
As Hy dit reeds **2000 jaar** gelede gedoen het.



**Lukas 4:18-19 AOV**

**Hy** het **My** gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;
om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan
blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur;
**om die aangename jaar van die Here aan te kondig**.

Jesus se missie was om ons te ***verlos*** en ons te bemagtig om te ***heers*** oor elke situasie en die **omgewing** om ons.

Jesus verstaan nie hoekom ons nog rondstaan en **wag** nie.

Jesus sê ons het nie nodig om wanhopig by die bad te sit en **wag** terwyl ons die **potensiaal** het om **alle dinge** te oorkom  nie.




**Die vraag wat Jesus my en jou vandag vra is:**

**"Wil jy gesond word?"**

Jesus het die man by die bad tussen die menigte uitgesonder.

**Vandag doen Hy dit vir jou ook…**

**Word vervolg..**

# Einde